LAERSKOOL STELLENBOSCH

SKAAKBELEID

1. Skaak-afrigters:

Organiseerder	Margo Lotz
Hoofafrigter	Buite-afrigter
Hulpafrigters en/of Spanbestuurders	Jolande Botha
	Margo Lotz

2. Samestelling van oefengroepe:

2.1 Beginner groepe:

Minder ervare spelers (ongeag van hul graad) Hierdie leerders oefen een keer 'n week. Hierdie leerders mag slegs aan toernooie deelneem, nog nie aan ligawedstryde nie.

2.2 Intermediêre groep:

Meer ervare spelers (ongeag van hul graad)

Die beste spelers per graad word gekies wat die skaakspan verteenwoordig. Hulle oefen twee keer 'n week. Slegs hierdie leerders speel ligawedstyde en toernooie.

3. Oefentye:

- Alle oefeninge moet bygewoon word en spelers moet stiptelik wees.
- Spelers wat versuim om spanoefeninge by te woon, mag moontlik 'n wedstryd verbeur.

4. Wedstryddae
   - Ligawedstryde vind in die tweede en derde kwartaal plaas.
   - Datums word op die WhatsApp groepe aangedui.
   - Enige veranderings word via WhatsApp of die D6 communicator aan ouers deurgegee.

5. Toernooie

Daar word deur die loop van die jaar by verskillende skole toernooie aangebied. Alle leerders wat gereed is, word genooi om deel te neem. Leerders skryf individueel in. Briewe word tydens oefeninge uitgedeel. Daar word ook aanlyn toernooie gespeel, die skakels om te registreer vir hierdie toernooie word op die What's App groepe geplaas.

6. Drag
   - Afrigters en spelers dra enige netjiese klere (sportklere, skoolklere of gewone klere) tydens oefeninge.
   - Spelers speel ligawedstryde en toernooie in die skool se amptelike skooldrag; eenvormigheid is baie belangrik.

7. Etiket

Etiket en gedrag van spelers:
   - Groet jou opponent, asook die spanbestuurder en volwassenes teenwoordig.
   - Leerders speel in stilte.
   - Wanneer 'n leerder 'n vraag het of in 'skaak' geplaas is, moet hul hand opgesteek word tot 'n afrigter of skeidsregter na hulle tafel kom.
   - Wanneer 'n wedstryd deur 'n skeidsregter as afgehandel aangeteken word, moet leerders die lokaal verlaat.
   - Geen leerder of ouer mag by ander leerders se tafels staan en kyk of kommentaar lewer tydens wedstryde nie.

Etiket en gedrag van ouers:
   - Geen toeskouers.
   - Geen aanmerking of raad mag gedurende die wedstryd gemaak word nie.
   - Ouers word gevra om buite die lokaal te wag tydens ligawedstryde en toernooie.

8. Afwesighede
   - Afrigters is verantwoordelik om self 'n plaasvervanger te reël indien oefeninge of ligawedstryde nie bygewoon kan word nie.
   - Leerders moet die betrokke spanbestuurder vroegtydig laat weet indien ligawedstryde nie gespeel kan word nie.
   - Onttrekkings moet asb. nie op die laaste oomblik geskied nie aangesien dit die spanbestuurder in 'n baie moeilike posisie plaas.

9. Wedstrydbriewe

Ons gebruik WhatsApp groepies in plaas van briefies om wedstryd reëlings aan ouers deur te gee. Dit is nog steeds die leerders se verantwoordelikheid om seker te maak ouers het die regte inligting ontvang en dat hulle weet wanneer en waar hulle speel om sodoende vervoer reëlings te tref.

10. Kommunikasie

Dit is belangrik dat die regte kanale gevolg word. Kontak gerus die organiseerder met enige navrae, voorstelle of probleme. Indien die probleem nie opgelos kan word nie, kan die sportorganiseerder (sport@lstellen.co.za) by die sportkantoor gekontak word.

11. Apparaat
    - Die skool voorsien alle skaakstelle en matte.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 24/10/2023

VOORSITTER

SEKRETARESSE

SKOOLHOOF